

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

OORWEGINGS BY DIE OPSTELLING VAN 'N TESTAMENT

'n Testament is die laaste wil en wense van die testateur. Hierdie laaste opdragte kan egter nie in een paragraaf beskryf word nie. Die laaste wil en wense sal dus uit verskeie onderafdelings bestaan wat in die testament vervat moet word. Verder is daar ook sekere standaard klousules wat gewoonlik in 'n testament verskyn en dan is daar ook nog sekere statutêre vereistes waaraan 'n testament moet voldoen. Die laaste twee aspekte, naamlik die klousules en vereistes, sal in die volgende uitgawe bespreek word. In hierdie artikel sal die fynere besonderhede van die testateur se laaste wil en wense aandag geniet.

Gesamentlik of afsonderlik

Enige twee of meer persone kan 'n gesamentlike testament opstel. Die mees algemene gesamentlike testament is dié van 'n getroude paar. Dit beteken nie noodwendig dat die boedel saamgevoeg word en dat die testateur en testatriese gesamentlik oor die verdeling van hulle boedel moet besluit nie. Elkeen kan steeds binne een testament afsonderlik oor die verdeling van sy boedel besluit. Gevolglik is 'n gesamentlike testament 'n baie algemene verskynsel onder getroude pare maar 'n persoon wat 'n testament opstel moet nogtans eers 'n besluit neem of hy 'n afsonderlike of gesamentlike testament wil opstel.

In die geval van 'n gesamentlike testament moet daar ook bepaal word hoe die testament uitgevoer moet word waar die man en vrou gelyktydig sterf of binne 'n kort tydjie van mekaar. In laasgenomede geval kon daar byvoorbeeld nie kans vir die langslewende gewees het om weer 'n testament op te stel nie en daar moet dus voorsiening vir sulke gevalle in die testament gemaak word.

Persoonlike besonderhede

Die testateur se persoonlike besonderhede moet ter aanvang in die testament verskyn. Dit is sy volle name, identiteitsnommer en waar hy woonagtig is. Verder moet daar ook aangedui word of hy getroud is en, indien wel, hoe hy getroud is, binne of buite gemeenskap van goedere. Indien hy buite gemeenskap van goedere getroud is moet daar aangedui word of die aanwasbedeling van toepassing is en ook of daar ander speiale voorwaardes in die huwelikskontrak vervat is. In die geval van 'n gesamentlike testament sal beide persone se besonderhede daarin verskyn. Indien dit nie 'n gesamentlike testament is nie moet die huweliksmaat se naam en identiteitsnommer ook in die testament aangedui word.

Die besonderhede van die kinders, indien daar is, moet ook volledig in die testament aangedui word. Kinders moet geïdentifiseer word aan die hand van hulle identiteitsnommers. Daar moet ook aangedui word of die kinders getroud is en of hulle op hulle beurt ook kinders van hulle eie het.

Die boedel self

Hoewel daar gewoonlike nie 'n volledige inventaris van bates en laste in 'n testament verskyn nie, is dit tog nodig om dit byderhand te hê wanneer die testament opgestel word. Dit geld veral wanneer 'n buitepersoon, soos wat gewoonlik maar die geval is, die testament opstel. Die skuldeisers sal eerste aanspraak op die boedel hê en kan selfs aanspraak op spesifieke bates hê wat aan hulle vir sekuriteit gebied is. Daarom moet die opsteller van die testament 'n goeie idee hê van die testateur se bates en laste. Versekeringspolisse maak baie keer ook 'n groot deel van 'n boedel uit en die opsteller van die testament behoort daarin ook insae te hê. Dit sal hom uiteindelik in staat stel om te bepaal wat die netto waarde van die boedel gaan wees en hoe dit onder die erfgename verdeel kan word.

Die opsteller van die testament moet ook vasstel waar die testateur werksaam is aangesien daar by afsterwe sekere werknemersvoordele na die boedel kan toeval. In die geval waar die testateur sy eie besigheid bedryf moet die besonderhede daarvan en hoe daar met die besigheid gehandel moet word, ook in die testament beskryf word.

Die begunstigdes

Die begunstigdes wat uit die testament bevoordeel gaan word moet duidelik in die testament beskryf word. Hoewel dit gewoonlik die huweliksmaat en die kinders sal wees moet ander begunstigdes se besonderhede volledig verskaf word. Daar moet ook uitdruklik aangedui word watter van die kinders nie uit die testament bevoordeel moet word nie indien daar sulke gevalle is, watter persone anders as die huweliksmaat en kinders bevoordeel moet word en of daar enige organisasies (skool, kerk, welsyn) is wat 'n begunstigde gaan wees. Die belangrikste aspek rondom die begunstigdes is dat hulle spesifiek geïdentifiseer moet kan word omdat vae verwysings na begunstigdes dalk daartoe kan lei dat ongewenste persone of instansies ook aanspraak op 'n gedeelte van die boedel kan maak.

Minderjarige kinders

Die hantering van toesig oor minderjarige kinders en hoe daar met hulle erfdeel gehandel moet word moet spesifiek in die testament hanteer word. Daar moet eerstens bepaal word onder wie se toesig die minderjarige kinders geplaas gaan word. Die voog se naam en besonderhede moet daarin vervat word. Daar moet verder ook 'n alternatief wees vir ingeval hierdie persoon nie die voogdyskap kan aanvaar nie en daar moet ook voorsiening gemaak word indien die kinders moontlik van voog wil verander.

Dit moet ook uitgespel word of die minderjarige kinders se erfdeel in trust gehou word totdat hulle meerderjarig is. In die geval van 'n trust, of selfs afsonderlike trusts, moet die trustees in die testament genomineer word en die voorwaardes waaronder die trust moet funksioneer moet ook uitgespel word. Die trusts hoef nie noodwendig net op minderjarige kinders van toepassing te wees nie en kan ook vir meerderjarige erfgename gebruik word.

Spesifieke legate

Daar is gewoonlike spesifieke bepalings rondom sekere bates wat in die testament beskryf word. Hierdie legate kan die vorm van 'n kontantbedrag aanneem en kan ook spesifieke bates wees, byvoorbeeld vuurwapens of juwele, wat aan 'n spesifieke begunstigde toegeken word. Dit kan uiteraard ook groter bates soos motorvoertuie, woonhuise, strandhuise en ook plase wees wat spesifiek aan 'n bepaalde persoon toegeken word. Hierdie legate word eerste in die testament hanteer waarna daar aangedui word hoe daar met die restant van die boedel gehandel moet word.

Restant van die boedel

Oor die restant van die boedel moet die testateur besluit of dit gelykop of in 'n bepaalde verhouding onder die begunstigdes verdeel moet word. Daar moet ook bepaal word of die restant in kontant omgeskakel moet word en of dit in 'n ander vorm, byvoorbeeld 'n trust, maatskappy of beslote korporasie, aan die begunstigdes moet vererf.

Voorwaardes

Nadat die verdeling van die boedel uitgespel is, hetsy deur spesifieke legate of die restant, moet die voorwaardes waaronder die begunstigdes vererf uitgespel word. Erfdele word gewoonlik spesifiek uitgesluit van enige huweliksbepalings van die erfgename. 'n Erfdeel sal dus uitgesluit word van 'n gesamentlike boedel van die begunstigde en sy of haar huweliksmaat. Indien 'n begunstigde op die datum van vererwing insolvent is, kan daar ook spesifieke voorwaardes wees wat die erfdeel kan uitsluit van so 'n insolvente boedel. Enige ander voorwaardes rondom die erfdeel van 'n begunstigde sal ook in die testament uitgespel word.

Die eksekuteur en trustees

Die aanstelling van die eksekuteur, die voorwaardes waaronder hy onderhewig is en verkieslik ook die persentasie waarteen hy sy fooie gaan hef, moet ook in die testament aangeteken word. Indien daar in die testament bepaal word dat 'n trust vir een of ander rede opgerig moet word, moet die trustees van so 'n trust ook in die testament genomineer word. Daar moet ook in beide gevalle aangedui word of die eksekuteur en die trustees vrygestel moet word van sekuriteitstelling.

In die volgende uitgawe: Standaard klousules en statutêre vereistes van 'n testament.

Hierdie reeks artikels oor erfopvolging gaan binnekort in boekvorm gepubliseer word. Lesers wat in so 'n boek belangstel kan hulle name en kontakbesonderhede nou reeds aan Dr Philip Theunissen verskaf per e-pos by philip@computus.info en per faks of telefoon by (058) 3039640.

BETHLEHEM
November 2004